higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 3

(3011003)

6 Desember 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nieprogammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en ‘n antwoordboek van 19 bladsye.

564Q1N2306

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in die ANTWOORDBOEK wat voorsien word.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Geen bladsye mag uit die ANTWOORDBOEK verwyder word nie.
5. Toon alle berekenings.
5. Gebruik die tabel hier onder as riglyn vir hoe lank jy aan elke vraag moet spandeer.
6. Gebruik slegs blou of swart ink.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	AANBEVOLE TYD
AFDELING A			
1	Meerkeuse- en kort teoretiese vrae	20	18 minute
2	BTW-berekenings en proefbalans	30	27 minute
3	Krediteurekontrole en berekenings	30	27 minute
AFDELING B			
4	Hulpjoernale	60	54 minute
5	Algemene grootboek	20	18 minute
6	Finansiële jaareinde en state	30	27 minute
7	Rekeningkundige vergelyking	10	9 minute
	TOTAAL	**200**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Jy is ‘n boekhouer vir Bike Traders, ‘n kleinhandelonderneming wat ‘n prystoeslag van 25% op kosprys gebruik. Die bestuurspan het jou genader om ‘n paar vrae oor die Debiteurekontrolerekening te beantwoord, Bestudeer die rekening hier onder en kies die korrekte antwoord (A–-D) vir elke vraag. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

DT				**Debiteurekontrole**						**KT**
2022						2022				
Mei	1	Saldo	a/b	5 000		Mei	31	???	KOJ	30 000
	31	Verkope	DJ	45 000				Debiteure-korting	DKJ	1 000
		Bank	???	2 500				Joernaal-krediet	AJ	750
		Joernaalde biete	AJ	600				Saldo	a/d	???

1.1.1 Die kontrarekening(e) vir die kredietinskrywing van R30 000 is:

A Bank
B Bank en afslag toegestaan
C Totale ontvangste
D Bank en afslag ontvang

1.1.2 Die folioverwysing vir die debietinskrywing vanf R2 500 is:

A KAJ
B KOJ
C DKJ
D AJ

1.1.3 Die kosprys van totale voorraad verkoop aan debiteure gedurende Mei 2022 is:

A R36 000
B R56 250
C R33 750
D R54 000

1.1.4 Die brondokument vir die kredietinskrywing van R1 000 is:

A Debietnota
B Kredietnota
C Faktuur
D Interne kantoormemo

1.1.5 Bereken die saldo a/d op 31 Mei 2022 vir hierdie kontra-rekening.

A 20 530
B 53 100
C 21 350
D 32 750

(5 × 1) (5)

1.2 Kies ’n term/ uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Eienaar se bydrae om ‘n onderneming te begin	A	proefbalans
1.2.2	Lys saldo’s uit die algemenegrootboekrekenngs in ‘n onderneming se grootboek	B	krediteure
1.2.3	Hulpjoernaal wat vir kontantaankope gebruik word	C	debiteure
1.2.4	Buitestanders aan wie die onderneming geld skuld vir voorraad gekoop	D	brondokumente
1.2.5	… word gebruik om hulpjoernale voor te berei	E	kapitaal
		F	kontantbetalingsjoernaal
		G	duplikaat debietnota
		H	kontantontvangstejoernaal

(5 × 1) (5)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Die drie kategorieë lewerings wat deur ‘n BTW-handelaar gemaak kan word, is standaardkoers-, nulkoers- en vrygestelde lewerings

1.3.2 Belastingvermyding is onwettig en regtens strafbaar BY LAW.

1.3.3 Uitset-BTW is BTW wat van klante ingevorder word.

1.3.4 Inset-BTW is BTW wat betaal word wanneer goedere en dienste by die onderneming gekoop word.

1.3.5 Gelde wat vir onderwys betaalbaar is, is ‘n voorbeeld van BTW-vrygestelde goedere of dienste.

(5 × 1) (5)

1.4 Gee ‘n woord of term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf

1.4.1 Hierdie staat word gebruik om die onderneming se wins of verlies te bereken.

1.4.2 ‘n Amptelike dokument wat ‘n opsomming bied van die onderneming se bankrekeningaktiwiteite oor ‘n bepaalde tydperk.

1.4.3 Verkope minus koste van verkope is gelyk aan … .

1.4.4 Word uitgereik wanneer goedere op krediet verkoop word.

1.4.5 Weerspieël die netto waarde van ‘n onderneming.

(5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 2

2.1 Bagobe het ‘n eenmalige bedrag geld vir sy TikTok-inhoud gewen en ‘n onderneming, Gobs Traders, begin. Hy het jou gevra om sy onderneming met BTW-berekenings te help as deel van sy aktiewe ondersteuning van jeugindiensneming omdat hy jeugindiensneming aktief ondersteun.

GEVRA:
Gebruik die inligting hier bo om die ontbrekende bedrae (2.1.1–2.1.14) in die tabel hier onder te bereken en skryf jou antwoorde in die ANTWOORDBOEK. Toon alle berekenings en bereken BTW waar van toepassing. Rond jou antwoorde af tot 2 desimale.

Nr.	Totale bedrag aan verskaffers betaal	Inset-BTW	Gobs Traders se werklike kosprys	Prys-toeslag op kosprys %	Gobs Traders se werklike verkoopsprys	Uitset-BTW	Totale bedrag van klante ontvang
1.	1375,40	**2.1.1**	1 196	50%	1 794	**2.1.2**	2 063,10
2.	3 648	**2.1.3**	**2.1.4**	25%	**2.1.5**	**2.1.6**	**2.1.7**
3.		**2.1.8**	**2.1.9**	20%	3 600	**2.1.10**	**2.1.11**
4.		52,17	**2.1.12**	10%	**2.1.13**	**2.1.14**	440

(20)

2.2 Fase 4-beurtkrag het Gobs Traders finansieel geknou. Die onderneming is gedwing om sy hoogs gekwalifiseerde rekenmeester af te dank. Jou TBOO-kollege het jou as NC (V) Vlak 3-student by Gobs Traders geplaas om jou WGE te voltooi. die proefsaldo vir die jaar geëindig 30 Junie 2022 was foutief.

GEVRA:
Gebruik die saldoraamwerk in die ANTWOORDBOEK om alle foute reg te stel. Benoem die Balansstaat- en Nominalerekeninge-afdelings duidelik.

INLIGTING:

	DEBIET	**KREDIET**
BALANSSTAATAFDELING		
Kapitaal	121 200	
Onttrekkings	4 850	
Lening (Tyme bank)		16 360
Lone	23 260	
Vaste deposito		30 000
Dienste gelewer	77 520	
Afslag toegestaan		14 560
NOMINALEREKENINGE-AFDELING		
Masjinerie		54 500
Skenkings		5 000
Bank	85 000	
Huurinkomste	2 490	
Rente op bankoortrekking		400

(10)
[30]

VRAAG 3

Die huidige resessie in Suid-Afrika het baie ondernemings gedwing om op krediet te koop. Jy word voorsien van die volgende inligting met betrekking tot Central Traders op 31 Oktober 2022:

GEVRA:

3.1 Gebruik die inligting hier onder om die korrekte Krediteurekontrolerekening op 312 Oktober 2022 oor te skryf. Jy, as boekhouer van Central Traders, moet die foute in die onderneming se Krediteurekontrolerekening vir Oktober 2022 regstel, met inagneming van die bykomende inligting in a – e hieronder. Balanseer hierdie rekening. (13)

3.2 Stel ‘n bygewerkte KREDITEURELYS op 31 Oktober 2022 op. (7)

INLIGTING:

Die volgende krediteurekontrolerekening en krediteurelys is deur ‘n onervare boekhouer in die boeke van Central Traders opgestel.

DT	KREDITEUREKONTROLE						KT
2022 Okt 1	Saldo	a/b	54 750	2022 Okt 31	Bank	KBJ	40 000
31	Diverse rekenings	KJ	49 800		Afslag ontvang	KBJ	750
	Bank	KOJ	1 100		Diverse rekenings	KKJ	1 200
	Joernaaldebiete	AJ	290		Joernaalkrediete	AJ	670
					Saldo	a/d	63 320
			105 940				**105 940**
Nov 2022 1	Saldo	a/b	63 320				

Die krediteurelys weerspieël die volgende saldo’s voor regstellings:

Besonderhede	Bedrae
Buhle Limited	31 700
Teddy Traders	13 550
Nthati Distributors	7 800
Gomora Dealers	11 500
	64 550

Kopiereg voorbehou

ADDISIONELE INLIGTING:

Die volgende inligting is nie in aanmerking geneem toe die joernale opgestel is nie:

(a) ‘n Faktuur vir voorraad op krediet aangekoop op 26 Oktober 2022 van Buhle Limited is nie opgeteken nie. Die faktuur het die kosprys van R3 400 weerspieël.

(b) Daar is ‘n nog ‘n fout in die hulpgrootboekrekening van Teddy Traders. Hulle saldo is met R750 te min opgetel.

(c) Gomora Dealers het ‘n kontantafslag van R450 toegestaan. Dit is verkeerdelik in die KBJ as R250 opgeteken.

(d) ‘n Bedrag van R210 in die krediteurekortingsjoernaal vir Oktober 2022 is per ongeluk na die verkeerde kant van die krediteur Nthati Distributors se rekening orgeboek.

(e) Goedere ter waarde van R800 is aan Buhle Limited teruggestuur. Die inskrywing is verkeerdelik in die krediteurekortingsjoernaal opgeteken. Dit is nie na die krediteur se rekening oorgeboek nie.

3.3 Op 1 Junie 2022 het Mzansi ‘n onderneming begin en ‘n lening van R60 000 by FNB uitgeneem. Hierdie lening is in 20 maandelikse paaiemente terugbetaalbaar, vanaf 1 Julie 2022, en elke paaiement word aan die einde van die maand terugbetaal teen ‘n rentekoers van 9% per jaar op die uitstaande saldo.

Bereken die volgende:

3.3.1 Die rente op die lening betaalbaar op 1 Julie 2022 (3)

3.3.2 Die paaiement betaalbaar op 1 Julie 2022 (3)

3.3.3 ‘n Onderneming het voorraad ten bedrae van R760 by Hamilton Merchants aangekoop. Indien die onderneming ‘n 15%-handelsafslag en ‘n 3%-afslag vir vroeë betaling ontvang, bereken die afslag wat vir vroeë betaling ontvang word. Rond jou antwoorde af tot 2 desimale. (4)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B

VRAAG 4

‘n Aansienlike brandstofprysverhoging aan die begin van 2022 het baie ondernemings in chaos gedompel en baie verbruikers het finansieel erg gesukkel. Jy is die boekhouer van Chetty Traders, ‘n geregistreerde BTW-handelaar, wat slegs met ander geregistreerde BTW-handelaars handel dryf. Alle transaksies sluit BTW van 15% in, waar van toepassing. Jy is voorsien van die volgende lys transaksies wat gedurende Maart 2022 in die onderneming plaasgevind het..

GEVRA:

Gebruik die inligting hier onder om die volgende joernale te voltooi. Die onderneming gebruik ‘n 50%-prystoeslag op die kosprys. Rond alle bedrae af tot die naaste rand.

LET WEL: Verduidelikings word in die algemene joernaal vereis.

4.1	Kontantontvangstejoernaal	(15)
4.2	Kontantbetalingsjoernaal	(19)
4.3	Debiteurejoernaal	(8)
4.4	Debiteurekortingsjoernaal	(4)
4.5	Krediteurejoernaal	(6)
4.6	Krediteurekortingsjoernaal	(2)
4.7	Algemene joernaal	(6)
		[60]

DATUM	BESONDERHEDE
1.	Die eienaar, B Chetty, verhoog sy kapitaalbydrae met R60 000, Rec 01.
2.	Doen EFT 07 na N Msimango ter betaling van sy salaris van R13 000.
4.	Ontvang bankstaat van FNB Bank wat die volgende koste weerspieël: Diensgelde – R900 Elektronieseoorplasingskoste R595 Kontantdepositogelde: R420 Rente op oortrekking: R4 500
5.	Goedere kontant verkoop volgens kasregisterrol CRR 01, R15 500 BTW ingesluit.
8.	Kontantverkope volgens kasregisterrol CRR 02 ten bedrae van R18 600, BTW uitgesluit (koste van verkope R14 880).
9.	Reik tjek no. 22 uit vir R1 365, BTW ingesluit, aan Telkom om die onderneming se telefoonrekening te betaal.
9.	Verkoop handelsware op krediet aan T Radu, R3 600 BTW uitgesluit. Faktuur 1.
10.	Koop handelsvoorraad by Ammo Wholesalers vir R19 300 BTW uitgesluit. Reik tjek no. 23 uit.
11.	Die eienaar neem goedere vir persoonlike gebruik, R2 400 (verkoopprys sluit BTW uit). JV 01.
11.	Kontantverkope volgens die kasregisterrol no. 03 ten bedrae van R25 000, BTW ingesluit.
12.	Reik kredietnota no. CN 01 uit aan T Radu vir R940, BTW uitgesluit (koste van verkope R627).
14.	Koop ‘n voertuig per tjek no. 24, R150 000, by Zot Motors, BTW ingesluit.
15.	Koop handelsvoorraad op krediet by Sassy Wholesalers vir R17 450, BTW ingesluit, en ontvang faktuur no. 103.
17.	Ontvang kredietnota no.12 van Sassy Wholesalers vir R1 750, BTW ingesluit, vir beskadigde handelsvoorraad wat aan hulle teruggestuur is.
18.	Verkoop handelsvoorraad op krediet aan Zondie Stores vir R6 470, BTW uitgesluit (koste van verkope R4 313). Reik kredietfaktuur no. 2 uit.
19.	Reik tjek no. 25 uit aan Equistat vir skryfbehoeftes wat by hulle aangekoop is, R1 450 (BTW ingesluit).
20.	Koop brandstof by Engine Garage vir afleweringsvoertuig, R500. Reik tjek no. 26 uit.
24.	Koop drukkerpapier op krediet vir die kantoor by CNA, R2000 (BTW ingesluit), ontvang faktuur 104.
25.	Betaal Postnet om ‘n pakkie te pos, reik tjek no. 27 uit vir R450 (BTW ingesluit).
29.	Koop COVID-19-toerusting vir R10 000 (BTW ingesluit) by Skeem Saam Traders en reik tjek no. 28 uit.
30.	Ontvang EFO van ‘n debiteur, S Mncwangubo ter gedeeltelike betaling van haar rekening van R2 600, reik Rec. 2 uit.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Gebruik die proefbalans van Village Traders op 30 Junie 2022, die einde van hul finansiële jaar, om hul algemenegrootboekrekeninge te voltooi.

GEVRA
Voltooi die volgende rekenings in die boeke van Village Traders:

5.1 Kapitaal (5)

5.2 Handelsrekening (5)

5.3 Wins en verlies (10)
[20]

INLIGTING:

Balansstaatafdeling	**Debiet**	**Krediet**
Kapitaal		650 000
Onttrekkings	147 460	
Grond en geboue	40 000	
Voertuie	37 580	
Toerusting	100 000	
Bank	43 890	
Debiteurekontrole	585 000	
Nominalerekeninge-afdeling		
Verkope		400 380
Debiteurekortings	5 000	
Koste van verkope	40 000	
Lone en salarisse	65 000	
Telefoon	6 930	
Water en elektrisiteit	4 950	
Reklame	5 900	
Versekering	3 890	
Huurinkomste		20 800
Kommissie-inkomste		19 050
Skryfbehoeftes	4 520	
Verpakkingsmateriaal	2 110	
Rente op vaste deposito		2 000
	1 092 230	**1 092 230**

VRAAG 6

Die volgende vooraansuiweringsproefbalanse verskyn in die rekords van Glen General Dealers op 31 Oktober 2022, die laaste dag van hul finansiële jaar.

GEVRA:
Gebruik die inligting hier onder om die volgende op te stel:

6.1 Inkomstestaat vir Glen General Dealers. (13)

6.2 Aantekeninge by die balansstaat vir Glen General Dealers. (9)

6.3 Balansstaat vir Glen General Dealers. (8)
[30]

	FOLIO	DEBIET	KREDIET
BALANSSTAATFADELING			
Kapitaal	B1		319 050
Onttrekkings	B2	45 000	
Grond en geboue	B3	270 000	
Toerusting	B4	112 000	
Voertuie	B5	120 000	
Vaste deposito: Luddoo Bank (14%)	B6	18 000	
Handelsvoorraad	B7	60 440	
Debiteurekontrole	B8	37 250	
Bank	B9	26 660	
Los kontant	B10	1 500	
Kleinkas	B11	300	
Verbandlening: Luddoo Bank (16%)	B12		80 000
Krediteurekontrole	B13		34 000
NOMINALE AFDELING			
Verkope	N1		855 500
Koste van verkope	N2	420 200	
Debiteurekorting	N3	10 500	
Huurinkomste	N4		17 550
Salarisse	N5	120 000	
Rente op vaste deposito	N6		2 640
Reklame	N7	5 310	
Slegte skuld	N8	2 730	
Bankkoste	N9	1 570	
Verpakkingsmateriaal	N10	4 580	
Rente op lening	N11	6 000	
Water en elektrisiteit	N12	22 300	
Diverse uitgawes	N13	24 400	
		1 308 740	**1 308 740**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

Thando Technologies verkoop elektriese toerusting. Die onderneming gebruik die deurlopende voorraadstelsel. Die prystoeslag is 30% op die kosprys.

Gebruik die transaksies hier onder om die invloed op die rekeningkundige vergelyking in die ANTWOORDBOEK te toon. Rond jou antwoorde af tot die naaste rand. Ignoreer BTW.

Toon die toename met +, afname met –, en geen uitwerking met 0.

Voorbeeld:

Reik tjek uit aan Telkom vir telefoon R1 000.

Nommer	Bron-dokument	ALGEMENE GROOTBOEK		Bates	Eienaars-ekwiteit	Laste
		Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer			
Bv.	Tjek-teenblad	Telefoon	Bank	-1 000	-1 000	0

7.1 Verkoop handelsware op krediet aan M Lynton vir R 8 000. Reik faktuur EB 7 uit. (6)

7.2 Koop handelsvoorraad by House and Home vir R15 900 en ontvang faktuur EB 8. (4)

[10]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou